basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

2010 JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGS
GRAAD 3 GELETTERDHEID: AFRIKAANS

VAN _____ **GESLAG (MERK ☑)** | **SEUN** | **DOGTER** |

NAAM _____ **PROVINSIE** _____

GEBOORTEDATUM _____

SKOOL SE NAAM _____

EMIS NR. _____ **DISTRIK / STREEK** _____

Instruksies aan leerders:

1. **Lees al die instruksies deeglik.**
2. **Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien is.**
3. **Hierdie toets duur 45 minute.**
4. **Jou onderwyser/es gaan jou help om die voorbeeldoefeninge te beantwoord voordat die toets begin.**

Voorbeeldoefeninge

Voorbeeld 1

Omkring die letter met die regte antwoord.

Koeie voorsien ons van ...

a. kaas.
b. botter.
c. melk.
d. roomys.

Jy het die vraag reg geantwoord as jy **c** omkring het.

Voorbeeld 2

Merk ☑ die regte antwoord in die blokkies.

Die son kom op in die	suide	weste	noorde	ooste ✓

Jy het die vraag reg geantwoord as jy die **laaste** blokkie gemerk het.

Voorbeeld 3

Die volgende sinne gee vir ons aanwysings oor hoe om ’n koppie tee te maak.

Nommer die sinne van 1 tot 3 om die regte volgorde aan te dui.

a)	Ek gooi kookwater in die koppie.	3
b)	Ek skakel die ketel aan sodat die water kan kook.	1
c)	Ek plaas ’n teesakkie in ‘nkoppie.	2

Jy het die vraag reg geantwoord as jy die blokkies soos bo **reg genommer** het.

In hierdie toets sal jy nog meer van hierdie tipe vrae moet beantwoord. Blaai na die volgende bladsy nadat jy al die vrae op ’n bladsy geantwoord het. Doen jou bes wanneer jy die vrae antwoord. Skryf jou beste antwoord neer. Gaan na die volgende vraag as jy onseker is oor ’n antwoord. Kyk slegs na jou eie werk.

Die toets begin op die volgende bladsy.

Lees die storie en beantwoord die vrae.

Dit is vandag Linda se eerste dag by die skool. Sy is baie opgewonde, maar ook ‘nbietjie skrikkerig. Die skoolhoof verwelkom al die nuwe leerders in die skoolsaal. Linda se beste maatjie, Paula, is ook ‘nnuwe leerder. Na opening bly die nuwe leerders agter, terwyl al die ander na hul eie klaskamers toe gaan. Die onderwyseres neem die nuwe leerders na ‘nklaskamer en vra hulle om te sit.

Linda en Paula sit langs mekaar. Sy voel op haar gemak, want hulle woon in dieselfde buurt. Daar is baie prente en kaarte teen die muur. Paula se hondjie, Snoepie, het haar skool toe gevolg. Sy probeer hard om die hondjie weg te steek. Linda is so bang dat die onderwyseres hulle almal huis toe sal stuur. Die seuns geniet dit egter weer om met Snoepie te speel. Hulle bly die hondjie roep en maak dit moeilik vir arme Paula om die hondjie weg te steek.

Omdat dit die eerste skooldag is, besluit die onderwyseres om nie streng te wees nie. Sy vra Paula om die hondjie neer te sit, na vore te kom en almal in die klas van haar hondjie te vertel: waar sy Snoepie gekry het en hoe sy hom versorg. Sy hou baie van haar troeteldier en om oor hom te praat. Linda is nou gelukkig en nie meer bang nie, want haar onderwyseres is baie vriendelik met hulle.

1. Wie is Linda se beste maat?

_____

2. Omkring die letter met die regte antwoord.

Die storie vertel van …

a. Linda en haar hondjie.
b. Paula en haar ma.
c. Linda se eerste dag by die skool.
d. Paula en die katjie.

3. Skryf ‘nwoord uit die storie neer met dieselfde betekenis as:

3.1 bang _____ **(paragraaf 1)**

3.2 tevrede _____ **(paragraaf 3)**

4. Beantwoord die volgende vrae:

4.1 Omkring die letter met die regte antwoord.

Kies ‘nwoord uit die storie wat jou meer van die onderwyseres vertel.

a. deftig
b. onverskillig
c. gaaf
d. pragtig

4.2 Gee’nrede vir jou antwoord.

_____

_____

5. Merk ☑die blokkie met die regte antwoord.

Wie het probeer om die hondjie weg te steek?

Die seuns	Paula
Linda	Die onderwyseres

6. Skryf die volgende sin oor. Begin met die woord wat gegee word.

Linda is gelukkig.

Gister _____

7. Begin met die woord wat gegee word.

Die hondjie het skool toe gehardloop.

Vandag _____

8. Skryf die volgende sin oor. Begin met die woord wat gegee word.

Die skoolhoof praat met die kinders.

Môre _____

9. Skryf die volgende sinne met die regte leestekens oor.

9.1 in ons klaskamer is daar kaarte prente en boeke

_____

_____

9.2 wanneer verjaar marie

_____

10. Skryf die meervoud van elke <u>onderstreepte</u> woord neer:

10.1 Die <u>onderwyser</u> kan almal huis toe stuur._____

10.2 Paula geniet die <u>leesklas</u>. _____

10.3 Die onderwyser hou van die <u>kind</u>. _____

11. Die volgende paar sinne vertel ons wat Paula soggens voor skool doen.

Nommer die sinne van 1 tot 4 om die volgorde van gebeure aan te dui.

a)	Paula ontmoet haar maats oppad skool toe.	
b)	Paula word wakker en staan op.	
c)	Sy is gereed om skool toe te gaan.	
d)	Sy was haarself en trek klere aan.	

12. Skryf vyf (5) sinne neer oor wat jy tydens pouse by die skool doen. Gebruik die regte leestekens in jou sinne.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

13. Gebruik die onderstaande tabel om vrae 13.1 tot 13.3 te beantwoord.

Diensrooster vir Graad 3		
Naam	**Maandag**	**Dinsdag**
Helga	Plante natmaak	Vee die vloer
Linda	Vee die vloer	Bord skoonmaak
Mimi	Bord skoonmaak	Stof die banke af
Paula	Stof die banke af	Maak vensters toe
Anton	Maak vensters toe	Plante natmaak

13.1 Wie moet Dinsdae die plante natmaak?

_____

13.2 Wie moet Maandae die banke afstof?

_____

13.3 Wat is Mimi se taak op ‘nMaandag?

_____

Gebruik hierdie prent en beantwoord vrae 14 en 15.



14. Voltooi die volgende sin. Jy mag nie meer as 3 woorde gebruik nie.

Die prentjie handel oor _____ _____.

15. Skryf twee verskille tussen die somer en die winter neer.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Einde van hierdie toets!
Dankie